POLICY 041/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **GRATIS GEBRUIK VAN SPORT-, ONTSPANNINGSGRONDE EN SWEMBADDENS DEUR DIE MUNISIPALE RAAD OF SY AMPTENARE ASOOK ANDER GOEDGEKEURDE GEBRUIKERS**

REFERENCE/VERWYSING: **17.7.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **15.4/05/2017 (RV)** DATE/DATUM: **30 Mei 2017**

BELEIDSOOGMERK: Die gebruiksaanwending van sport-, ontspanningsgronde en swembaddens deur die Munispale Raad en programme deur amptenare vir sosiale gebruik, asook ander goedgekeurde gebruikers

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om gesonde weksverhoudinge te bevorder.

RIGLYNE

1. Alle Raadsfunksies aangebied op sport-, ontspannings- en swembadgronde, word van tariewe kwytgeskeld.

2. Sosiale sport en ander byeenkomste tussen munisipale amptenare word onder die volgende voorwaardes van tariewe kwytgeskeld.

2.1 Die nodige voorafbesprekings word steeds volgens bestaande beleid gedoen.
2.2 'n Interdepartementele aanvraag (IDA) vergesel 'n bespreking waarvan werklike onkostes verhaal word soos kragverbruik en skade herstelwerk (indien nodig).

3. Ander funksies soos jaareindfunksies en spesiale geleenthede by die dorpswembad se onthaalarea, Rosepark, Reitzpark en Sportgronde, moet ook vooraf bespreek word. 'n Interdepartementele aanvraag (IDA) vergesel 'n bespreking waarvan skades (indien nodig) verhaal word wat mag ontstaan tydens die verhuringsperiode.

4. Die betrokke Direkteur of Afdelingshoof wat die nodige vooraf besprekings doen, voorsien die Interdepartementele aanvraag.

5. Opsetlike skade sal van oortreders verhaal word.

6. Ander instansies doen direk by Munisipale Bestuurder aansoek vir gratis gebruik van fasiliteite.

7. Beskikbaarheid van fasiliteite moet deur alle bogenoemdes bevestig word by Bestuurder Parke (Noord of Suid).

PROSEDURE

1. Fasiliteit moet minstens **5 werksdae** voor die tyd bespreek word tesame met 'n Interdepartementele aanvraag (uitgesluit Raadsfunksies) om ‘n voorbereide fasiliteit te verseker. Indien bespreking minder as **5 werksdae** is, maar nie minder as 1 [een] werksdag voor die geleentheid nie, sal fasiliteit toegestaan word, maar onvoorbereid.

2. Voor- en na-inspeksies word deur die betrokke partye gedoen om skades, al dan nie, te bepaal en van die IDA verhaal, tesame met enige kragverbruik van spreiligte wat by die Sportstadions kon ontstaan, behalwe as Munisipale Bestuurder gratis gebruik van krag goedgekeur het.

3. Versoeke vir gratis gebruik word aan die Munisipale Bestuurder voorgelê vir goedkeuring soos bepaal deur die delegasie van bevoegdhede.

4. Aansoeke vir gebruik van swembaddens en sportgronde deur personeel, moet deur die betrokke Direkteur goedgekeur word.

ROLLE

Gemeenskapsdienste se Parke Afdeling.

VERWANTE BELEID

1. Benutting van munisipale sportgronde.
2. Benutting van munisipale swembaddens.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word